



Jaarverslag

(tydperk: 1 Februarie 2005 – 29 Maart 2006)

Geagte Klub-lid

Die Bestuurskomitee hou graag die volgende jaarverslag aan u voor. Dit verskaf 'n bondige oorsig van die werksaamhede van die Klub gedurende die tydperk 1 Februarie 2005 tot 29 Maart 2006.

Bedankings:

Verskillende ratte hou die Klub-wiel aan die draai. Ons bring met dankbaarheid hulde aan die volgende individue en groepe, waarsonder die Klub se sukses nie moontlik sou wees nie:

- Lede van die Bestuurskomitee: Petro Boshoff, Philip Langenhoven, Riaan Gerber, Andries van den Berg en Wilna Joubert (wat einde 2005 as BK-lid bedank het). Hierdie span was die dryfkrag agter 'n baie suksesvolle Klub-jaar;
- Thys Oosthuizen ons Klub-administrateur vir die besondere toewyding en doeltreffendheid waarmee hy take soos finansies, lede-administrasie, korrespondensie en Brokkies-verwante sake behartig;
- Die gesinne van Bestuurskomitee-lede wat baie hard werk, én dikwels tweede in die 'aandag-ry' kom, wanneer 'n Klub-taak aandag verg. Ook aan Gertjie Oosthuizen (Thys se gade) vir haar aktiewe betrokkenheid soos bv. die regstaan vir vanaand se verversings;
- Alle medewerkers (insluitende kunstenaars uit ons Afrikaanse gemeenskap) betrokke by 'n verskeidenheid Klub-projekte;
- Die borge wat onbaatsugtig jaarliks die KiwiKasie-projek finansiëel en in daad ondersteun;
- Klub-lede wat met hulle lidmaatskapfoeie die eerste sooi vir ons bestaan spit;
- Brokkies-adverteerders wat hierdie mondstuk finansiëel selfversorgend maak; en
- Konstruktiewe kritici wat 'n belangrike kruiskontrole-funksie verrig.

Projekte:

Klubprojekte is verteenwoordigend van die Klub se drie fokusareas naamlik die gesin, kunste, en gemeenskapsuitreiking. Die volgende projekte is tydens die verslagperiode bedryf:

Brokkies:

Die Klub se elektroniese weekblad, wat meer as 1800 intekenaars (van binne en buite NS) bereik, bly immergewild. Positiewe terugvoer wat gereeld van lesers ontvang word bevestig die waarde wat hierdie mondstuk, as vaandeldraer van die Klub, voortdurend tot die gemeenskap voeg. Alhoewel nuwe immigrante baie minder op die Klub vir materiële en emosionele ondersteuning aangewese is, speel Brokkies steeds 'n belangrike inligtingsverskaffings-rol aan Suid-Afrikaners wat van voorneme is om te emigreer. Die webblad is ook 'n belangrike aanknopingspunt vir persone wat navorsing doen oor emigrasie.

Danse:

Drie danse is die afgelope jaar gehou, t.w. Cairo to Cape-dans (Maart 2005), Lentedans (14 Sep 2005), en Oujaars-dans 2005. Bywoningsyfers wat toeneem bevestig dat danse 'n wesenlike gemeenskapsbehoefte aanspreek. Alhoewel danse 'n klein wins oplewer is inkomstegenerering nie die primêre oogmerk nie, maar eerder die voortlewing van 'n Afrikaans-eie kultuuraktiwiteit.

Boekeprojek:

'n Tweede reeks moderne Afrikaanse boeke is vanjaar uit Klub-fondse aangekoop om die Afrikaanse versameling van die Browns Bay biblioteek aan te vul. Die boeke sal binnekort vir opname in die genoemde versameling gekategoriseer word. Hierdie lekkerlees-titels behoort voor die winter tot beskikking van biblioteeklede te wees.

Cairo to Cape Town African Festival:

Die Klub was mede-organiseerder van hierdie projek wat op inisiatief van die East Coast Bays Community Centre aangebied is. 'n Klubstalletjie is bedryf wat die Klub en die 2005 KiwiKasie-fees met Steve Hofmeyr bemark het. Hierdie fees het ontstaan as 'n direkte uitvloeisel van die multi-kulturele komponent van Die Afrikaanse Klub se KiwiKasie wat die voorafgaande 3 jaar (2002 – 2004) aangebied is.

Taste of Africa Festival:

Lede van die Bestuurskomitee en hulle gesinne het tydens hierdie geleentheid 'n Klub-stalletjie beman om feesgangers aan ons aktiwiteite bekend te stel.

KiwiKasie 2005:

Hierdie geleentheid, met Steve Hofmeyr as hoofkunstenaar, is soos geen ander projek in die Klub se geskiedenis ondersteun nie. Twee konserte in Auckland, asook ses in

ander streke, is gehou. Die projek is in samewerking met die Afrikaanse Klub van Australië gereël. Weens die buitengewoon hoë kaartjieverkope, was KiwiKasie 2005 ook 'n beduidende finansiële sukses. Tradisioneel bied KiwiKasie ook vir die Klub 'n geleentheid om na ander streke in Nieu Seeland uit te reik deur die aanbieding van gehalte Afrikaanse vermaak. Die Klub se ondersteuning maak dit vir ander sentra (stede soos Wellington en Christchurch ingesluit) lewensvatbaar om optredes van gewilde Suid-Afrikaanse kunstenaars aan die breër Afrikaanse gemeenskappe te bied. KiwiKasie bied ook blootstelling aan Afrikaanse kunstalent vanuit NS.

KiwiKasie 2006:

Daar word tans met Theuns Jordaan onderhandel om tydens Augustus 2006 as hoofkunstenaar by KiwiKasie 2006 op te tree. Weens die groei in werkomvang van die Klub se KiwiKasie-projekte en beperkte tyd tot beskikking van vrywilligers, asook om verantwoordelikheid vir die projek te sentraliseer, is Thys Oosthuizen as onafhanklike kontrakteur aangestel om die projek namens die Bestuurkomitee, teen vergoeding, te koördineer.

Auckland Museum-projek:

Die "With A View to the Future"-projek behels fondsinsameling ten bate van 'n omvattende restourasieprogram van die Auckland Museum. Die Afrikaanse Klub van NS het hom – op uitnodiging van SANZ – verbind om saam met laasgenoemde en die Rainbow Nation Supporters Club te werk om \$25,000 oor 'n tydperk van 5 jaar in te samel, as die SA-gemeenskap se bydrae tot die projek van \$50 miljoen. Die groter "Suid-Afrikaanse gemeenskap" is een van 49 instansies wat so bydra en sal erkenning kry deur 'n inskripsie op die siervenster van die nuwe ontwikkeling, asook in die gedenkboek wat tans vir die projek geskep word.

Benewens oormerking (vir die Museum-projek) van fondse gegenereer uit projekte wat die Klub aangebied het, het ons ook fondsinsamelingsgeleenthede wat deur ander Suid-Afrikaanse organisasies gereël is ondersteun. Die Bestuurskomitee het op 8 Maart 2006 besluit dat die Klub se bydrae op een-derde van die beraamde koste van die projek vasgestel word, nl \$8334 en dat die geld in 'n beleggingsrekening geplaas word, ge-oormerk vir die doel. Die Klub sal binnekort 'n skriftelike onderneming aan SANZ voorsien waarin onderneem word om die gelde oor te betaal sodra 'n stadium in die vordering met die projek bereik word wat daarop dui dat dit tot finaliteit sal kom, by gebreke waarvan die gelde nie oorbetaal word nie.

Praatjie deur prof. Hennie van Coller:

Die Klub het 'n funksie gereël waartydens prof. Hennie van Coller, die Voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, belangstellendes op 4 Augustus in Auckland toegesprek het. Die onderwerp, "*Die Stand van Afrikaans*", het wyd byval gevind en die geleentheid is baie goed ondersteun.

Skakeling:

Die Klub handhaaf gesonde verhoudinge met Suid-Afrikaanse en ander kulturele ondersteunersgroepe binne en buite NS. Ons is ook lid van die Auckland Multicultural Society wat vir ons toegang gee tot debatte oor sake wat immigrantegroepe raak. Die Klub het ook verskeie SA-inisiatiewe van ander instansies en individue in Nieu-Seeland intensief bemark. Toonaangewende mediagroepe beskou die Klub as 'n verteenwoordigende spreekbuis vir die breër Afrikaanse, en soms ook Suid-Afrikaanse, gemeenskap. Die Klub is nie 'n drukgroep of 'n politieke groep nie, en sal nie namens individue of groepe kollektiewe sake van beswaar met owerheidsinstellings of ander groepe aanroer en help beveg nie. Hierdie neutraliteit word aktief uitgeleef en dra beduidend tot die Klub se geloofwaardigheid by.

Lidmaatskap:

Die Klub het tans net meer as 600 persone in sy ledebasis. Die feit dat deelname aan Klub-projekte ook vir nie-lede toeganklik is, verseker egter dat die Klub 'n wesenlike invloed in die Afrikaanse, Suid-Afrikaanse en breër gemeenskap uitoefen.

Finansies:

Die Klub se finansiële sake is kerngesond en word op 'n deursigtige en verantwoordbare wyse bestuur. Die finansiële state sal hierna, onder item 7.2 van die sakelys, op die keper beskou word.

Die Toekoms:

Die behoefte aan dienste wat die Klub uit hoofde van sy grondwet bied, is besig om te verander. So byvoorbeeld steun nuwe immigrante minder op die Klub om in te skakel, aangesien hulle reeds dikwels vriende of familie in Nieu Seeland het wat hierdie ondersteunende rol vervul. Dit raak ook moeiliker om vrywilligers te werf om op die Bestuurskomitee te dien, asook om met projekte te help. Die meerderheid Klub-lede woon ook nie spontaan algemene jaarvergaderings by nie. Gebaseer op die huidige bestuur se belewenis van die heersende gemeenskapsbehoefte, blyk dit dat die kernbesigheid van die Klub tot die uitgee van Brokkies, aanbied van KiwiKasie en reël van danse beperk behoort te wees. Die tyd het waarskynlik aangebreek om strategies oor die missie, doelstellings en dienste van die Klub te besin. 'n Balans tussen wat die Klub **behoort te doen** (volgens ledebehoefte) en wat die Klub **kan doen** binne die beperkinge van 'n kwynende vrywilligerskorps, behoort in die nabye toekoms bespreek te word. Die huidige Bestuurskomitee beveel aan dat die nuwe bestuur bogenoemde, so spoedig moontlik, op die sakelys vir bespreking sal plaas.

Dit was vir die huidige bestuur 'n groot voorreg om in diens van Afrikaans te kon wees. Sterkte word vir die nuwe bestuur, met die belangrike taak wat voorlê, toegewens.

Baie dankie

Martin Hefer

Maart 2006

Voorsitter, namens die Bestuurskomitee

29